KERKLIKE AANVAARDING:
ENKELE OPMERKINGS UIT KERKSPIEËL

Die verhouding tussen die NG Kerk en die ander kerke binne die familie is 'n baie belangrike en aktuele saak. Die vraag is vroeër die jaar aan rassisme binne die NG Kerk gekoppel. Tot watter mate is lidmate van die familie binne die NG Kerk welkom? Die vraag is, in die Kerkspieël-ondersoeke, aan predikante en kerkraadslede van die NG Kerk gestel. In die artikel word slegs aandag gegee aan die houding van kerkraadslede. Dit verteenwoordig 'n belangrike stem binne die NG Kerk, maar dit is nie noodwendig die standpunt van al die lidmate nie, dit is die mening van die kerkraadslede.

Sosiale aanvaarding dui op die mate van sosiale aanneemlikheid van 'n persoon, of persone, of 'n groep persone. Sosiale aanvaarding kan, onder andere, gemeet word deur die sosiale afstand tussen persone of groepe te meet. Sosiale afstand is 'n sosiologiese konsep wat die "afstand" tussen mense beskryf. Byvoorbeeld: "Ek is nie bereid om met 'almal' te trou nie, maar ek sal met 'hulle' gesellig verkeer." 'n RGN-verslag van 1985 oor tussengroepverhoudinge het al 'n beskrywing van sosiale afstand binne die Suid-Afrikaanse samelewing gegee. Dit is 'n verskynsel wat wyd tussen groepe en individue voorkom.

In plaas van sosiale aanvaarding sou in die geval van kerklike aanvaarding gepraat kon word; met ander woorde in watter mate is lidmate van 'n spesifieke kerk bereid om lidmate van 'n ander kerk of groepering binne die eie kerk of gemeente te aanvaar. Die vraag is vanaf die 1989-opname gevra. Soos in die geval met sosiale afstand sal aanvaarding ten opsigte van 'n bepaalde groep nooit 100% wees nie, die meetinstrument werk nie so. Die skaal het daarom nie 'n nulpunt nie. Die bedoeling van die meetinstrument is ook nie om rassisme te meet nie, inteendeel, dit meet dit nie.

Die vraag na kerklike aanvaarding is uitgevoer deur van 'n "aangepaste" sosiale-afstandskaal gebruik te maak. Die kerkraadslede moes, indien hulle aan lidmate van die NG Kerk-familie dink, hulle eerste reaksie ten opsigte van die volgende stellings aandui; ek is bereid om ...

- ... 'n bediening onder hulle te ondersteun
- ... 'n konferensie saam met hulle by te woon
- ... 'n begrafnis- of huweliksdiens saam met hulle by te woon
- ... 'n erediens saam met hulle by te woon
- ... nagmaal saam met hulle te gebruik
- ... hulle as lidmate van my gemeente te aanvaar

Tabel 1 gee kerkraadslede se houding in verband met die NG Sendingkerk, uit die 1989 en 1993 opnames, weer. Let op die groot verskil tussen 1989 en 1993. Daar het tussen die twee opnames 'n baie groter mate van aanvaarding gekom. Die verskuiwing in kerklike aanvaarding het waarskynlik baie te make met die politieke veranderinge in die land in daardie tyd.

Vanaf die 1996-opame is daar nie meer tussen die verskillende kerke binne die NG Kerk familie onderskei nie. Tabel 2 gee die bevindinge van die afgelope twee opnames (1996 en 2000) weer. Daar kan veel gemaak word van die 15.7% van die kerkraadslede wat lidmate van die familie nie as lidmate wil aanvaar nie. As na die langtermyn tendens gekyk word is dit baie duidelik dat daar 'n baie groter mate van aanvaarding as in 1989 is. 'n Mens sou kon wys op 'n "verbetering" van 35% (in 1989) tot 69%. (in 2000). Grafies kan dit so voorgestel word:



Ander bevindinge uit die opnames oor die houding van kerkraadslede is:

- Kerkraadlede is, in vergelyking met die predikante, minder positief om lidmate uit die NG Kerkfamilie as lidmate van die gemeente te aanvaar.
- Jonger kerkraadslede is meer daartoe geneig om lidmate van die NG Kerkfamilie te aanvaar. Ouer kerkraadslede is minder positief.
- Kerkraadslede uit stedelike gemeentes is meer daartoe geneig om lidmate uit die NG Kerkfamilie te aanvaar. Ouderdom speel 'n kleiner rol in aanvaarding van "ander" lidmate as die streek (met ander woorde stedelik of platteland) waar 'n kerkraadslid woon.
- Hoe lyk die response uit die verskillende sinodale gebiede? Kerkraadslede uit die Wes-Kaap is die meeste geneë om lidmate uit die NG Kerkfamilie as lidmate te aanvaar. Soos die geval met die predikante, was daar ook 'n daling in die "ja"-respons in die sinodale gebiede van Oos-Kaap en Noord-Kaap. In die geval van Noord-Kaap tot onder 50%. Kan dit wees dat daar in die gebied 'n negatiwiteit ontwikkel teenoor lidmate van die NG Kerkfamilie? In die ander sinodale gebiede was daar met die 2000-opname 'n effense styding in die ja-respons.

Kerklike aanvaarding in die opnames sê niks oor die amptelike standpunt van of 'n kerkraad of 'n sinode nie. Dit is bloot die meting van die houding van kerkraadslede. Hoewel daar sekerlik ruimte vir verbetering is, is die houding beslis positief.

Kerklike aanvaarding in die NG Kerk is nie 'n enkelvoudige saak nie. Die meerderheid kerkraadslede aanvaar dat daar groter sigbare eenheid in die NG Kerk moet kom. 'n Nog groter meerderheid kerkraadslede is bereid om lidmate van die NG Kerkfamilie as lidmate van hulle eie gemeente te aanvaar. Dit is houdings en standpunte wat positief gebruik kan word in die proses van kerkvereniging.

Tabel 1:

KERKRAADSLEDE – KERKLIKE AANVAARDING VAN LIDMATE VAN DIE NGSK
(Uitgedruk as 'n persentasie)

Volgens my eerste reaksie is ek bereid om …	1989	1993
... 'n bediening onder hulle te ondersteun	89.2	86.2
... 'n konferensie saam met hulle by te woon	65.8	77.5
... 'n begrafnis- of huweliksdiens saam met hulle by te woon	66.6	75.0
... 'n erediens saam met hulle by te woon	56.2	75.3
... nagmaal saam met hulle te gebruik	50.9	70.5
... hulle as lidmate van my gemeente te aanvaar	35.3	62.7

TABEL 2:

KERKRAADSLEDE
– KERKLIKE AANVAARDING VAN LIDMATE VAN DIE NG KERKFAMILIE
(Uitgedruk as 'n persentasie)

Volgens my eerste reaksie is ek bereid om …		Ja	Onseker	Nee
... 'n bediening onder hulle te ondersteun	2000	87.0	84.8	8.1
	1996	8.2	4.9	7
... 'n konferensie saam met hulle by te woon	2000	79.8	80.5	11.6
	1996	9.4	8.6	10.1
... 'n begrafnis- of huweliksdiens saam	2000	77.0	80.2	11.7
met hulle by te woon	1996	9.2	11.3	10.6
... 'n erediens saam met hulle by te woon	2000	77.2	78.3	10.7
	1996	8.3	12.1	13.3
... nagmaal saam met hulle te gebruik	2000	72.7	72.8	12.7
	1996	11.1	14.6	16.1
... hulle as lidmate van my gemeente te aanvaar	2000	68.5	66.2	15.8
	1996	14.6	15.7	19.3